
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

WEES OOR NIKS BESORG NIE

(Fil. 4:6-7)

Jesus wat oor die laaste dae met Sy dissipels gepraat het, het hierdie woorde gespreek in Luk. 21: 25-26: **En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.**

Ons het almal, in die laaste tyd, die see en die bulderende branders gesien as gevolg van tsunami's en aardbewings, en astronome voorspel dat baie ongewone aktiwiteite in die heelal in die nabye toekoms sal plaasvind. Dan is daar sonder twyfel ellende en verwarring tussen nasies, ten spyte daarvan dat die wêreld se groot leiers ywerig koppe bymekaar sit om die talryke "globale probleme" op te los, en hulle vererger daagliks en al hulle wysheid is van geen nut nie! Jesus het gesê dat deur die omstandighede wat rondom ons in die wêreld gedurende die tyd sal heers, **mense se harte met vrees gevul sal wees,** en ons sien dat dit werklik met groeiende intensiteit plaasvind. Die "gees van vrees" dring baie meer lewens binne as ooit tevore en ons moet wakker wees vir die duiwel se strategie en die wapen wat hy gebruik om, selfs die Here se mense, te verlam deur hul geloof aan te val met sy wapen van vrees en gevangeneming.

Ons moet ons harte en denke aanhoudend, ten alle koste, bewaak om nie vreesbevange te raak nie, deur na die Woord van die Here te draai met groter gedetermineerdheid en oortuiging! Die Woord van die Here is die beste wapen om vrees te bestry en Hy het die bevoorregte inligting 2000 jaar gelede aan ons gegee sodat ons nie onkant betrap sou word wanneer hierdie geprofeteerde werklikhede plaasvind nie!

Dit is 'n vasgestelde feit dat baie fisiese siektes soos hartaanvalle en rou sere vererger word en selfs veroorsaak word deur vrees en bekommernis, en ons word gewaarsku in **Spr. 17:22**: **'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog.** Die Woord van die Here sê vir ons dat 'n "vrolike hart" genesing bevorder terwyl 'n "verslae gees" die gebeente uitdroog. **'n Vrolike hart maak die aangesig bly, maar by verdriet van die hart is die gees neerslagtig (Spr. 15:13).**

Ons lees in 2 Tim. 1:7 dat vrees 'n "gees" is – en wanneer jy toelaat dat dit besit van jou neem, verander dit jou hele gedagtepatroon geleidelik. Sy invloed veroorsaak dat jy uiteindelik slegs sien, hoor en spreek wat die vrees voorskryf, en dit sal jou verteer. Haat en verwerping werk op dieselfde manier. Die persoon wat plek gee aan 'n demoon of gees van verwerping bereik 'n punt waar hy werklik glo dat niemand vir hom omgee nie. Hy glo werklik dat alle omstandighede saamwerk om hom af te breek en dat hy ongeliefd, ongewaardeerd, nikswerd en 'n mislukking is. Die mikpunt en doel van alle demoon geeste, ongeag van hul persoonlikheid, is uiteindelik die vernietiging van die persoon wat hulle teiken, en met die gees van verwerping, is die finale

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Wees oor niks besorg nie….)

resultaat erge depressie, wat dikwels tot selfmoord lei. Daarom is dit so belangrik dat in geval van vrees ons moet besef dat ons met 'n demoniese gees te doen het, wat met vasberadenheid weerstaan moet word! En ons doen dit met geloof in God en Sy onfeilbare, onverganklike Woord!

Jesus het Sy dissipels op verskeie geleenthede gewaarsku om NIE TE VREES nie! Hy het geweet dat vrees hulle hulpeloos en oneffektief sou maak, sonder visie en motivering. Dit is presies wat vrees doen!

In Joh. 14:27 het Jesus gesê: "**Vrede laat Ek vir julle na, My vrede gee Ek aan julle… Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie ".** Aan Jairus, die owerste van die sinagoge, wat berig ontvang het dat sy dogtertjie gesterf het, het Jesus in Mark. 5:36 gesê: **Moenie vrees nie, glo net.** Deur op Jesus se bevel nie te vrees nie, het Jairus se dogter lewendig geword toe Hy vir haar gebid het! Nadat Jesus uit die dood opgestaan het het Hy aan twee vroue, wat na Sy graf gekom het, verskyn en ons lees in **Matt. 28: 10: En Jesus sê vir hulle: Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na Galiléa moet gaan; en daar sal hulle My sien.** En toe die Apostel Johannes die herrese Here op Patmos gesien het sê hy in **Openb. 1:17: En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste.**

In Jesus is vrede en vreugde ons s'n, ongeag die omstandighede – watter onskatbare besittings! Dus, wanneer Satan, die dief (volgens Joh. 10:10) kom om hierdie besittings te probeer vervang met depressie en vrees, moet ons wakker wees en vasstaan volgens die Woord van die Here. Ons moet geen plek gee aan daardie demoniese invloed of demoniese gees nie! Daar is die baie beskrywende illustrasie van die rondloper hond wat deur die agterste hek insluip om jou hond se kos te eet. Hy sal alles opeet as jy hom toelaat! Dieselfde is waar van die duiwel, jy moet hom weerstaan en in sy spore stuit met die beloftes van God in Sy Woord. Volgens Jak. 4:7 kan ons verseker wees dat wanneer ons hom op die manier weerstaan, hy sal **moet** vlug!

In Pet. 5:8 vertel die Woord vir ons dat die duiwel rondloop soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hy kan slegs diegene verslind wat hom toelaat en plek vir hom gee. Gee geen plek aan die duiwel vertel Ef. 4:27 vir ons.

Vrees bring mislukking

Rig. 7:3: "Die wat bang is en bewe, kan teruggaan en wegdraai van die gebergte van Gílead af!" Dit is die verhaal van hoe driehonderd Israeliete onder leierskap van Gideon die Midianiete uitgedryf het. In die begin was daar twee en dertigduisend Israeliete wat teen die Midianiete sou veg, maar God het aan Gideon die wysheid gegee om te weet dat vrees nederlaag beteken en dat hy beter daaraan toe sou wees met net 'n handvol vreeslose soldate as met 'n mag van duisende, waarvan die meeste bevrees was! VREES BRING NEDERLAAG. Laat ons na 'n paar skrifte uit die Bybel kyk aangaande VREES:

Jes. 37:6 – 7: So moet julle jul heer antwoord: So spreek die HERE: Vrees nie vir die woorde wat jy gehoor het, waarmee die dienaars van die koning van Assirië My gelaster het nie. Kyk, Ek sal 'n gees in hom gee…. Ek sal hom in sy land deur die swaard laat val.

Jer. 1:8: Wees vir hulle nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red, spreek die Here.

Ex. 14:13: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk

Psalm 91:5: Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie.

Deut. 20: 1-3: As jy na die oorlog uittrek teen jou vyand…… wees nie bevrees en beangs en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die HERE julle God wat saam met julle trek om vir julle te stry.

2 Kron. 20:15: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God.

Uit hierdie skrifte is dit duidelik dat God baie duidelik aan Sy volk gesê het dat daar hoegenaamd geen rede was om te vrees nie omdat Hy by hulle was, en soos die Nuwe Testament vir ons vertel in **Rom. 8: 31: As God vir my is, wie kan teen my wees?**

Vrees wek vrees

As jy kanker vrees omdat jou vader en oupa dit gehad het, dan sal Satan daardie vrees teen jou kan gebruik. Gee ag op die woorde van Job gespreek in **Job 3: 25: As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my.** Vrees mislukking en dit sal na jou toe kom! Vrees kan jou selfs finansieel onseker maak, sodat i.p.v. om met vreugde te gee, soos die Here van jou verwag, jy die behoefte voel om aan alles wat jy het vas te hou, om jouself sodoende te beroof van die seëninge wat Hy vir jou wil gee deur jou gehoorsaamheid aan Sy geestelike wet van gee. Vrees veroorsaak senuwee toestande wat paniekaanvalle en hipochondrie insluit. Dit beroof jou van jou kosbare slaap veroorsaak deur insomnia. Dit veroorsaak 'n knop

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Wees oor niks besorg nie…)

op jou maag en 'n toestand van aanhoudende bevreesdheid, voorgevoel, verwag altyd dat die ergste gaan gebeur! Moedeloosheid, depressie en vernietiging almal het hulle wortels in vrees. Kry ons boek – Die Christen en Job.

Maar halleluja! Daar is oorwinning, bevryding en verlossing uit die net van vrees! AAN DIE KRUIS OP GOLGOTA HET JESUS CHRISTUS DIE VOLLE PRYS BETAAL SODAT EK EN JY VRY KAN WEES VAN ENIGE BINDINGE VAN SATAN – EN DIT SLUIT VREES IN!

Jesus het die prys op Golgota betaal deur Sy lewe in die dood af te lê, en deur Sy offerdood aan die kruis is Satan eens en vir altyd verslaan! **Hy die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het (**die kruis) **(Kol. 2: 14 – 15).** Jesus, deur Sy gestorte bloed, het die dood, hel en die graf oorwin toe Hy aan die kruis gesterf het, en dit was die doel vir Sy koms uit die Hemel na hierdie Aarde! Sy sending was dat deur Sy offerdood alle mense vergewe en gered kan word van die ewige dood en verdoemenis. Daarom moes Hy die vorm van 'n mens aanneem, menslike vlees, en ons lees in **Heb. 2: 14 – 15: Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel - en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.** Omdat Jesus die dood oorwin het, vrees ons nie langer om te sterf nie! En omdat die vrees vir die dood die mens se uiterste vrees is, het die duiwel geen mag meer oor ons ten opsigte hiervan nie! Halleluja!

Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing (2 Tim. 1:7).

GELOOF VERVANG VREES

Die Bybel sê vir ons in Heb. 11:1 dat geloof 'n vaste vertroue is op die dinge wat ons hoop en 'n bewys is van die dinge wat ons nie sien nie.

Hoe werk geloof? **Rom. 10:17 sê vir ons dat geloof deur die gehoor kom, en die gehoor deur die Woord van God.** Dus geloof ontwikkel deur die Woord van God te bestudeer en daarvolgens op te tree. Hierdie Woord lewer nie net geloof nie, maar ook liefde, vreugde, gesondheid, voorsiening en goddelike wysheid.

Geloof volg op die hoor en doen van God se Woord – nie net hoor nie. Vrees volg op die hoor en reageer op die woord van die wêreld – Satan se leuens. Geloof groei wanneer ons oor die Woord van God dink en mediteer. Vrees kom wanneer ons oor die leuens van Satan dink en tob en op dit reageer. Die ergste ding wat jy kan doen is om met vrees te reageer.

In Matt. 14 vind ons 'n uitstekende voorbeeld van geloof teenoor vrees. Die dissipels was uit op die boot en Jesus het op die water geloop! Petrus het begeer om na die Here te gaan en die Here het vir hom gesê, "Kom ". Petrus het uit die boot geklim en begin om na Jesus te loop. Vers 30 van Matt. 14 sê dit alles! **Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!** Waarom het Petrus gesink? Die Woord vertel ons dat hy die wind gesien het en **bang geword** het. Petrus het op die water geloop in gehoorsaamheid aan en geloof in die Woord van sy Here Jesus wat vir hom gesê het, "Kom!" Maar toe **VREES** gekom het, het dit hom oorweldig, beheer oorgeneem en hy het geweifel. As hy die vrees bestraf het en aangehou het om die Woord van die Here te vertrou sou die vrees verdwyn het, maar hy het hom daaraan onderwerp en sy geloof het gewankel. Hy het die omstandighede geglo in plaas van om op die woord van Jesus staat te maak.

Geloof word gekoester en groei deur vertroue in die Woord, gebruik dus die **"swaard van die Gees, wat die Woord van God is" (Ef. 6: 7)** om die duiwel om elke draai te weerstaan. Hou hoog jou **"skild van die geloof waarmee julle al die vurige pyle van die bose sal kan uitblus" (Ef. 6:16).**

Beskou 'n praktiese toepassing. Jou dogter/seun en vriende het na die strand gegaan. (Jou man ry laat van die werk af, jou ou moeder bly alleen, jou seun hang uit met ongewenste vriende ens.). Satan val jou aan met twyfel deur negatiewe gedagtes in jou verstand te plaas wat vrees laat ontstaan soos jy plek aan hulle gee. Jy vrees dat jou dogter/seun gaan verdrink (jou man gaan 'n ongeluk hê; jou moeder gaan aangeval word; jou seun is besig met kroeglopery ens.).

MOENIE TOELAAT DAT JOU VERSTAND SATAN SE LEUENS ONTVANG EN DAAROOR NADINK NIE. Weier eenvoudig botweg om bevrees te wees en sê dit! Verklaar dapper en hardop dat God gesê het dat Hy jou of jou geliefdes, nooit sal begewe of verlaat nie. Ek vra jou wie is meer bevoeg en beter toegerus as die Here om jou geliefdes te beskerm as jy elkeen van hulle in gebed in Sy hande vir beskerming toevertrou? Het jy jou volle vertroue in Hom geplaas? Glo jy Sy beloftes in Sy Woord? Dan het jy niks om te vrees nie. Jy bevestig jou vertroue in Hom deur 'n gebed van geloof te bid

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Wees oor niks besorg nie….)

(Mark. 11: 23), glo dat jy die antwoord ontvang het **wanneer** jy bid:

"Here, dankie dat U my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing, volgens U Woord in 2 Tim. 1:7. Op die oomblik wil ek sê dat ek U geheel en al vertrou vir die beskerming van Ann (of 'n persoon se naam) en ek gee haar (of hom) in U sorg en stel haar/hom vry van die bande van vrees waarmee ek haar/ hom gebind het. In Jesus se Naam."

As jy hulle volkome vrystel, die Here vertrou om hulle te beskerm en vir hulle te sorg, weier dan om enige verdere angstige gedagtes toe te laat oor hulle. Weerstaan die duiwel en sy leuens en hy sal vlug! (Jak. 4:7). Jy kan daarvan seker wees dat die Here bekwaam genoeg is om vir hulle welstand te onderneem.

Jy kan kies om in geloof te wandel en jou dade en taal sal dit wys. Vind jy dat jy bely: "Ek is BANG dat ek dit nie kan doen nie," Ek is BEVREES nie", "Ek is BEVREES dit is waar", "Ek is DOODBANG", "Ek is BANG jy sal verkoue kry!" Onthou die waarheid wat Jesus Sy dissipels geleer het in Mark. 11: 22-23: **Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê. Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see-en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur-hy sal verkry net wat hy sê.**

Let op die woorde van jou mond omdat hulle 'n aanduiding is van wat jy diep binne jou werklik glo! Spreek geloof gevulde woorde uit, glo dat die Here haastig is om Sy Woord uit te voer volgens Sy belofte in Jeremia en jy sal opgewonde wees om te sien hoe Hy dit sal eer in jou lewe en in die lewens van hulle rondom jou. **……. want Ek is wakker oor My Woord om dit te volbring (Jer. 1:12).**

Ons het gesê dat geloof die teengif vir vrees is en dat geloof opgebou word deur die Woord van God (Rom. 10: 17) en dus moet ons na die Woord terugkeer met hernude ywer. SPANDEER TYD MET SY WOORD SODAT JOU DENKPATROON HERPROGRAMMEER WORD VAN VREES NA GELOOF, VAN DOOD NA LEWE. Die Woord sê vir ons in **Rom. 12 vers 2: En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.** Ons denke moet deur die Woord van God verander word, Sy maniere, Sy beloftes. As jy geneig is om volgens die weë van die wêreld te redeneer en te dink, neem dan vandag 'n kwaliteit besluit om jou denkpatroon in lyn met die waarheid van God se Woord te bring, maar as jy nie Sy Woord bestudeer nie, sal jy 'n dooiepunt bereik.

Beskou net sommige van die wonderlike beloftes aan jou in Sy Woord:

Jes. 54: 14 en 17: Deur geregtigheid sal jy bevestig word; wees ver van verdrukking, want jy hoef nie bevrees te wees nie; en ver van verskrikking, want dit sal nie by jou kom nie. Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE.

Ps. 118:6: **Die HERE is vír my; ek sal nie vrees nie**. "EK SAL" is 'n baie besliste stelling en vers 7 van dieselfde Psalm gaan aan deur te sê: **Die HERE is vír my as my helper; so sal ék dan neersien op die wat my haat.** Wanneer jy tot die besef kom dat die Here aan jou kant is sal jy nie vrees nie! Vrees het hoegenaamd geen plek in jou lewe nie! Vrees is sonde! Rom. 14: 23 sê vir ons: …… en alles wat nie uit geloof is nie, is sonde.

Ps. 16:8: Ek stel die HERE altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie.

'n Wonderlike belofte om aan vas te hou gedurende 'n tyd van nood, wanneer die vyand probeer om vrees na jou te bring, is Jes. 43: 1-2, wat aanmoedigend verklaar: **Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere-hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.**

Die woorde "MOENIE VREES NIE" verskyn meer as sestig keer in die Bybel en wanneer die Here 'n bevel gee, voorsien Hy ook die krag en vermoë wat nodig is om dit uit te voer! Die keuse lê nou by jou, jy hoef nie vrees te kies nie, maar jy kan!

Neem net die voorafgaande vier skrifte (Jes. 54:14; Ps. 118:6; Ps. 16:8; Jes. 43:1-2) en kyk wat God jou beloof het! Hy het jou gevestig in geregtigheid dus hoef jy nie te vrees nie. Verskrikking sal nie naby jou kom nie! God is met jou! Hy is aan jou regterhand en jy is onbeweegbaar. Hy het jou verlos! GOD SE WOORD BELOWE DIT ALLES! Dus behoort jy as Sy kind, 'n lewe sonder vrees te leef!

Satan kan nie skep nie, maar slegs dit wat reeds geskape is korrup. Vrees vir siekte is 'n korrupsie van Pet. 2: 24 wat verklaar: **…. deur Sy** (Jesus) **wonde is jy genees.** Vrees vir armoede is 'n korrupsie van Fil. 4:19 wat verklaar: **En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy**

(Vervolg op Bl. 5)

rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus. Jy kan seker wees dat enige vrees wat Satan in jou denke plaas, 'n korrupsie is van 'n belofte van God aan Sy kinders! Die Woord van God vermaan ons in Fil. 4: 6-7: **Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.** Maak hierdie skrifte jou doelwit hierdie jaar!

Ek het die boodskap begin met die Here se verklaring aan Sy dissipels in Luk. 21: 25 – 26 aangaande die gebeurtenisse wat op die Aarde sou plaasvind in die laaste dae **sodat die mense se harte sal beswyk van vrees,** maar ek wil my boodskap afsluit met die volgende twee verse van Luk. 21, verse 27 en 28, waarin Jesus ons almal aanspoor deur die volgende wonderlike klimaks by te voeg: **En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.**

Dus wat het ons om regtig te vrees Kerk? Jesus kom met krag en groot heerlikheid, laat ons daarom met vreugde en verwagting gevul wees en vol geloof! Amen. ●

YOUR INHERITANCE IN JESUS CHRIST

When you became a Child of God, whether just recently or years ago, you also became a fellow heir with Jesus Christ (Eph 3:6) and an heir of the Father's riches – physical and more important, spiritual. You have an inheritance in heaven and on earth.

Rom. 14:17 says: **"For the Kingdom of God is not food and drink, but righteousness and peace and joy in the Holy Spirit."** Jesus said **"the Kingdom of God has come nigh unto you",** and if you are a believer, it is your rightful inheritance. Let us consider this carefully:

1. You have Righteousness: A right relationship with God, reconciled to God the Father. You are in the position to be able to have fellowship with Him continually. Jesus restored this relationship after Adam's sin had destroyed it. You cannot earn this position, it is a gift of God and all you have to do is accept it. It has been made possible by the sacrificial death of His Son Jesus. Our reconciliation with our Heavenly Father takes place when we receive Jesus as our personal Saviour.

2. You have Peace: That calm assurance that God is in control of everything and that He watches over you, and never leaves or forsakes you. Peace that transcends your understanding and allows you to rise above your circumstances. A peace that enables you to carry a quiet assurance that God loves you and your life is safe in His Hands.

3. You have Joy: The Holy Spirit places it in your mind and it is not dependent on a moment of pleasure or any form of entertainment, but is a true inner joy because you are a child of the Living God. An effervescent joy, but yet steadfast because it is based on the Eternal Rock. This gladness bubbles from within you and you just want to praise and worship God for who He is, **the wonderful Redeemer of your body, soul and spirit.**

Righteousness, Peace, Joy.

This inheritance of yours is totally sufficient for all your situations and circumstances. Just as satan attacked Adam and Eve, he still comes to us today, using his same techniques. Adam and Eve had fellowship with the Father; the Bible tells us that God walked and talked with Adam in the Garden of Eden. Satan however came with his lies and deception and broke that relationship between God and man. Satan has never changed, and he still comes with the same lies today, discouraging people who follow God and encouraging them to "go their own way" and "do their own thing". He may tell you that God could never love you because of all the bad things you have done and he reminds you of all the times you have failed in your walk with God.

Very often, because there is a small vestige of truth in satan's words, **you believe all** that he says about you not being worthy. **The fact that God knows all about us and still loves us is one of the most difficult truths for a Christian to accept.** God's ways have never changed. Just as in the Old Testament He led His people into the Promised Land where, once they had entered they had to overcome giants in order to possess their inheritance, He does the same with us today. You have an inheritance of **righteousness, peace and joy** in the Holy Spirit and all you have to do is to defeat the spiritual giants which satan sends against you. Is it a giant of unbelief,

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Your inheritance….)

of resentment, of rejection, of fear, hate, rebellion or depression? Maybe it is the terrible giant of unforgiveness or suicide – these giants will rob you of your inheritance of the Kingdom of God. They will rob you of your peace and joy and prevent you from having close fellowship with your Heavenly Father. Satan's aim is to keep you from overcoming and defeating these giants so that you do not press in and possess your inheritance but may eventually grow cold towards God and the things of His Kingdom and eventually turn your back on them altogether. This is satan's ambition, and he can only win in your life if you do not deal with each individual giant. Make a decision today to overcome each one so that you can enter into the fullness of that which God has prepared for you. Do not let satan get the upper hand by allowing him to convince and deceive you into believing that you can justify the resentment, bitterness, unforgiveness, hate, jealousy, unbelief etc., that you carry. He will rob you of your inheritance here on earth and go onto rob you of your eternal inheritance, if you listen to his lies! Do not be fooled!

God will fight with you in this battle until you have achieved victory over Satan's giant.

Jesus is our Victory! In 1 Cor. 15:57, Paul speaks forth the prayer of our heart as he says: **But thanks be to God, who gives us the victory through our Lord Jesus Christ**. Jesus has already defeated that enemy on the cross, THE VICTORY HAS ALREADY BEEN ATTAINED FOR YOU. You need just to receive and accept it in the Name of Jesus. James 4:7 tells us, **Therefore submit to God, resist the devil and he will flee from you.** Resist satan in the name of Jesus and remind him of his defeat at Calvary, and he and his giant must flee. Take hold of your rightful inheritance and by the power of the Holy Spirit, through Jesus, it is yours.

Once again we see in the Old Testament in the light of when the children of Israel won one victory after another, it was not because of their own military strength or ability, but because they obeyed God's instructions to the last detail. However when Agag was disobedient, Israel hit rock bottom in the following attack. Read 1 Sam 15:22: **Then Samuel said: Has the Lord as great delight in burnt offerings and sacrifices, as in obeying the voice of the Lord? Behold, to obey is better than sacrifice, and to heed than the fat of rams.** This still applies as much for today as it did in those days. Obedient is better than sacrifice! You take possession of your inheritance through obedience to the truth which God has revealed to you in His Word and by His Holy Spirit. Break with everyone of these evil giants in the Name of Jesus and command each one of them to leave you and to have no further influence upon your life any longer. We often want to categorize sins into "small" or "big" sins. **God sees all sin in the same serious light as rebellion to Him.** Ask your Heavenly Father to allow His Holy Spirit to reveal all the unclean spirits that satan has sent against you to trap you and cause you to flounder and fall, and as He shows them to you, break with their evil works one by one! For example, **if the Holy Spirit reveals to you that a spirit of rejection is pestering you, say with conviction: "spirit of rejection, leave me now in the Name of Jesus!"** You must then be on guard and prevent its return. If you know of a committed Christian, ask him or her to pray with you and agree together that the enemy must go. Here are the names of some of the giants with which you may have to deal: pride, anxiety, lies, temper, criticism, inferiority, unbelief, jealousy, worry, tension, doubt, rebellion, condemnation, rejection, resentment, suicide, loneliness, unforgiveness, indecision, hate, self pity, passivity, bitterness, fear, suspicion, gluttony, adultery and confusion. Work through this list, there may be others you can add to it. Ask the Lord to show you by His Spirit and to make you alert to the particular spirit when it wants to attack you. Remember to take a firm stand against any evil spirit by resisting it and commanding it to leave you in Jesus Name. God has given you the authority to resist satan and to take control of your life. If you exercise that authority, you will become stronger in the Lord's strength to triumph completely over any giant.

Ask your Heavenly Father to give you the spirit of joy and gladness and peace in your heart, by the working of His Holy Spirit in you, and to fill you with LOVE: not as the world knows it, but the God kind of love, which is a choice. Ask Him to allow the fruit of the Holy Spirit to be evident in your life (Gal. 5:22 -23) When all satan's cohorts have been dealt with, you need to clean house constantly, spiritually speaking: You need to continually be filled with God's Spirit and His Word. (Read Luke 11:24-26 and Matt. 12:43-45)

Just a word of warning, beware of looking for an evil spirit behind everything you do or someone else does. It will not help to blame

Satan for every problem when more self control needs to be practiced. Do not fall into Satan's trap by giving him too much attention, and always remember that, "He that is in you, is greater than he that is in the world!" (1 Joh. 4:4) ●



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in ons liewe Here Jesus,

Jesus het vir Sy dissipels gesê in Joh. 14:27: Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie.…

In Israel, groet die Jode mekaar met die woorde "shalom, shalom". Anders as die Afrikaanse woord "vrede", beteken "shalom" nie net vrede vir die siel nie, maar ook heelheid vir jou hele wese – gees, siel en liggaam. Dit beteken 'n gevoel van heelheid en gesondheid. Met ander woorde shalom omvat jou voorsiening, gesondheid en totale welsyn.

Toe Jesus in Joh. 14:27 met Sy dissipels gepraat het, het Hy nie die Afrikaanse woord "vrede" gebruik nie. Hy sou die Hebreeuse woord "shalom" gebruik het, deur te sê: "Ek laat shalom by julle bly, My shalom gee Ek aan julle ..." Interessant dat die woord "bly" beteken hier in werklikheid "bemaak", die manier waarop 'n ryk man sy eiendom aan sy erfgenaam bemaak.

Die dissipels moes baie opgewonde gewees het toe hulle gehoor het dat Jesus Sy shalom aan hulle bemaak het. Hulle moes geweet het dat om Sy shalom te ontvang was om Sy gesondheid te hê, omdat hulle Hom nooit siek gesien het nie. Die dissipels het ook verstaan dat om Jesus se shalom te hê beteken om Sy oorvloed te hê omdat hulle gesien het hoe Hy in die behoeftes van duisende voorsien het met baie oorskiet. Hulle het gesien hoe Hy 5,000 mans gevoed het (sonder om die vroue en kinders by te tel) met 12 mandjies vol oorskiet! (Mark 6:34–44)

Jesus wou gehad het dat Sy dissipels moes weet dat Sy vrede anders was as die vrede wat die wêreld bied. Sy vrede sou watter uitputtende omstandighede ook al verander wat hulle omring. Selfs al was dit 'n geweldige storm, sou dit voor Sy vrede moes buig. Die Prins van Vrede het net gespreek: "Vrede, wees stil!" en die wind en see het Hom gehoorsaam (Mark 4:39). Sy vrede het die storm wat gewoed het verander in volmaakte kalmte.

Geliefde, dit is die soort vrede wat Jesus aan jou nagelaat het. Glo daarom dat Sy shalom wat Hy vir jou nagelaat het al jou moeilike situasies sal verander, dat jy uit siekte, tekort en geestelike foltering na gesondheid, voorsiening en volkome heelheid gebring word! Ons bid vir julle!

Ons wil julle almal bedank vir julle waardevolle gebede en liefde wat baie kosbaar vir ons is. Wees verseker van ons liefde en opregte waardering vir jul volgehoue ondersteuning, mag die Here julle almal baie ryklik seën.

Liefde groete

Meg en die Gebedspan

BEGIN DEUR JOU MAAT VAN GELOOF TE GEBRUIK

Rom. 12:3: God het aan elkeen 'n maat van geloof gegee.

As kinders van God behoort ons nooit te sê, ek het geen geloof nie. Deur dit te sê is om te sê dat God 'n leuenaar is, omdat Sy Woord reeds vir ons vertel dat God aan elkeen 'n maat van geloof gegee het. Rom. 12:3

Waarom wil dit dan voorkom asof die geloof van sekeres sterker as andere s'n is?

Wel, geloof is soos spiere. Ons almal word met spiere gebore. Sommige ontwikkel ons spiere egter beter as andere. Liggaamsbouers bv. oefen hulle spiere gereeld om hulle groter en sterker te maak.

Netso groei jou geloof wanneer jy dit voed en gebruik. Elke keer wanneer jy God se Woord hoor of lees, voed jy jou geloof. Wanneer jy God se Woord bely en verwag dat goeie dinge met jou sal gebeur, gebruik jy dit. Hoe meer jy dit gebruik, hoe meer groei jou geloof.

Gebruik dus jou geloof. Jy kan byvoorbeeld met hoofpyne begin. Wanneer jy 'n hoofpyn het, in plaas van om soos altyd direk na die hoofpynpille te hardloop, gebruik jou geloof. Vra God vir genesing, en vertrou en dank Hom vir die genesing.

Moet my egter nie verkeerd verstaan nie, daar is niks mee verkeerd om medikasie te neem nie. En as jy na 'n dokter toe moet gaan, moet ook nie veroordeel voel nie. Begin net jou geloof gebruik op 'n vlak waarmee jy gemaklik voel. As jy na die dokter toe moet gaan, gaan dan in geloof, bid dan Abba Vader, ek gaan dokter toe. Ek vra U in die Naam van Jesus om aan die dokter wysheid te gee om vir my die korrekte diagnose te gee. My vertroue is nie in hom nie, maar in U.

Geliefde, aan jou is 'n maat van geloof gegee. Begin om dit te gebruik, glo dat dit die maat van jou geloof is wat veroorsaak dat jy uit die onuitputlike krag van 'n getroue en liefdevolle God kan trek!

Jou maat van geloof groei wanneer jy dit voortdurend gebruik. ●

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Liewe Gebed Span.
Prys die Here. 2 dae na my versoek, en julle gebede, het hy goeie werk gekry. Inderdaad is saamstaan in oorwinning God se pad vir ons mense .. Sy kinders.
Seënwense in die Naam bo alle name, vir julle voortgang met Sy werk. Kan mens ooit ophou lofprys in hierdie oorwinning!!
Liefde in die krag van die Heilige Gees.
Ronel Swartz

Middag aan julle almal by die Christelike Sentrum, ek wil net baie dankie sê vir al die gebede wat daar opgaan vir my en my familie by die Sentrum. My suster was gediagnoseer met longkanker en was baie siek gewees, die dokters het gesê dit is 'n graad 3 kanker en dit het al versprei na haar kliere. Ek het die Christelike Sentrum gebel en hulle het vir haar gebid en sy is volkome gesond. My broer het 2 skeurings in sy oë se retinas gekry, Meg en Chantelle het ook vir hom gebid en hy het so herstel dat hy weer kan sien en self weer kan kar bestuur. Mag God julle nog baie jare seën by die Sentrum vir die wonderlike werk wat julle doen. Liefdegroete

Marina Storm

Goeiemore Span
Ons God is groot!! My moeder het toe die operasie ondergaan. Dit was maar 'n moeilike week van baie pyn en ongemak. Maar deur dit alles kon ons voel hoe God ons dra en ook vir haar. Daar was een dag wat dit regtig nie goed gegaan het nie. Maar God het haar regtig gedra. Gister was dit twee weke na die operasie en die steke moes uitgehaal word en ons moes die uitslae kry van die gewas. Wel die steke is uit en sy is skoon. Geen teken van kanker nie. Die dokters sê die gewas was so groot soos 'n klein rugbyballetjie en dit was die blindederm wat ontsteek het en mettertyd het weefsel om en om die gewas gevorm wat dit so groot gemaak het maar GEEN teken van kanker nie. Dit is absoluut 'n wonderwerk. Sy het ook nou weer alleen begin loop nadat sy nou vir amper twee maande slegs met behulp van die loopraam en 'n rystoel oor die weg kon kom.E k kan die Here nie genoeg dankie sê nie en wil vir julle en almal wat haar in hulle gebede opgedra het, want ek glo dat dit gebed is wat haar genees het. Sy is 88 jaar oud en om deur so 'n groot operasie te gaan en dan nog geen kanker nie - dis 'n absolute wonderwerk!
Baie dankie nogmaals
Die Here seën julle
Groete, Nellie

Ek wil u graag bedank dat u met die wonderlike werk aangaan wat ons geliefde dr James begin het. Dis 'n baie groot taak en ek glo dat net soos Elia se mantel op Elisa geval het, het dr James se mantel op sy skoonseun geval om aan te gaan met die goeie werk. Ek glo dat net soos Aaron en Moses se hande opgehou het, die Gebed Span dit vir dr James se skoonseun doen. Deur baie jare was dit my en my familie se voorreg om gereeld die Sentrum te nader met gebedsversoeke en nooit was ons teleurgestel nie. Ek glo en bid vir u almal dat u krag sal kry om in die toekoms met die groot taak waarvoor u geroepe is aan te gaan. Baie dankie vir die blaadjie wat my nog gereeld bereik en baie dankie vir u gebede.
Die Here seën u
Mev E Nel, Strand

- NEW BOOK -
"The Two Edged Sword"
Book number 77 - R20.00 each

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
Rek. No: 53730091667,
Kode: 220129